**Die Seun is verhewe bo die engele (I)**

**Heb 1:4-6**

**30 Januarie 2022**

1. Die grootheid van die Seun: Sommige aspekte van Sy grootheid is ewigdurend, terwyl ander aspekte gekoppel is aan Sy rol as Middelaar.
2. Heb 1:1-3 beskryf grootheid in absolute terme, die res van Heb 1 in relatiewe terme
3. Hoekom soveel klem om te wys die Seun is verhewe bo die engele?
    a. Jode het hoë dunk gehad van die engele – wet van Moses is deur engele aan Moses gegee (Gal 3:19, Hand 7:53)
    b. Engele is fassinerende wesens (Ps 103:20, Ps 104:4, Mat 24:36, Dan 7:10, Op 5:11)
4. Die Seun is net so verhewe bo die engele as wat die Naam wat Hy geërf het voortrefliker is as hulle naam (Heb 1:4)
    a. Vers 4 het noue verband met vers 3 (OAV en ESV vertaal dit as een sin)
    b. Vers 4: "het uitnemender geword" (OAV) – deurdat Hy reiniging bewerk het en gaan sit het aan God se regterhand (vers 3)
    c. Fil 2:6-9a: Seun is eers verneder, en daarna verhef tot hoogste eer – so het Hy uitnemender geword
    d. Op 5:11-12: Seun is op die troon, en engele om die troon – Seun is uitnemender
    e. Heb 2:9: Daar was 'n stadium dat die Seun minder was as die engele – maar Hy was selfs toe steeds God
    f. Voortrefliker Naam: Mat 1:20-21 – Sy Naam is Jesus (Verlosser, Saligmaker), Hy is deur Heilige Gees verwek, en dus ook Seun van God
    g. Fil 2:9b-11: Naam bo elke Naam ontvang
    h. Naam van engele = boodskappers
5. Vir watter engel het God ooit gesê: Jy is my Seun, vandag het Ek jou gegenereer? (Heb 1:5)
    a. Antwoord op vraag: Aan geen engel nie (vgl Job 38:7)
    b. Aanhaling uit Ps 2:7, akkurate vertaling: Jy is My Seun, vandag het Ek jou verwek
        i. Jesus is altyd God (Joh 1:1, Heb 1:8)
        ii. Konteks in Ps 2: speel af op aarde waar volke in opstand is, dan verwek God die Seun – dus deel van rol as Middelaar
        iii. Hand 13:32-33: Selfde aanhaling, die keer in verband met Jesus se opstanding – deel van rol as Middelaar
        iv. Luk 1:35: God verwek Seun in Maria – dus is Hy God se Seun
    c. "Ek sal Sy Vader wees, en Hy sal My Seun wees" (vers 5b)
        i. Aanhaling uit 2 Sam 7:14, 1 Kron 17:13
        ii. Eerstens vervul in Salomo, ten diepste vervul in die Seun – deel van rol as Middelaar
6. Al die engele van God moet die Eersgeborene aanbid (Heb 1:6)
    a. Eersgeborene wys na 'n posisie van eer en heerlikheid (Gen 49:3, Eks 4:22, Ps 89:28, Rom 8:29, Kol 1:15 en 18)
    b. "Wanneer Hy <u>weer</u> die Eersgeborene in wêreld bring" – dus met wederkoms (vgl Luk 2:13-14, Op 5:11-14, Mat 13:41, 16:27, 24:31, 25:31, Joh 1:51)
7. Opsomming en Implikasies
    a. Seun is verhewe: enersyds omdat Hy God is, andersyds omdat Hy Middelaar is
    b. Verstommend: Seun, wat God is, kom aarde toe en word mens. Daarna gaan Hy hemel toe as God en mens